

AFDELING A -VEELKEUSEVRAE.

In die algemeen is hierdie afdeling goed behandel. Daar was leerlinge wat tien uit tien gekry het, en daar was geen foutiewe vrae nie.

AFDELING B -HARDEWARE en STELSAGTEWARE.

Vraag 2 -Rekenaarargitektuur.

Hierdie vraag is goed behandel. Onderwysers het miskien nie baie van SCSI gepraat nie want die meeste van die leerlinge kon hierdie vraag nie beantwoord nie.

Vraag 3 -Bedryfstelsels en Stelselsagteware.

Daar was probleme met Vraag 3.2.1 en 3.2.2. Baie van die leerlinge het nie van die register gehoor nie en het net geraai. Soos verlede jaar het nog steeds baie van die leerlinge swak gedoen vir vraag 3.3.1 – virtuele geheue.

Vraag 3.4.5 -kompilering -is ook sleg hanteer.

Vraag 4 -Datakommunikasie en Netwerke is in die algemeen goed behandel, maar baie van die leerlinge het nie van "pariteitstoetsing" gehoor nie. 'n Paar van hulle het van die konsep gehoor, maar kon nie verduidelik nie.

AFDELING C -TOEPASSINGS EN IMPLIKASIES

Vraag 5 -E-KOMMUNIKASIE

Die vraag is goed behandel maar dit lyk asof onderwysers praat oor hoe 'n webtuiste geskep is, maar nie hoe dit by die Internet-diensteverkaffers (ISP) kan kom nie.

Vraag 6 -SOSIALE en ETIESE KWESSIES.

Onderwysers het nie van Sun Microsystem se StarOffice of OpenOffice, en van lisensieringskoste gepraat nie. Baie van die leerlinge het antwoorde geraai.

AFDELING D -PROGRAMMERING en SAGTEWARE ONTWIKKELING

Vraag 7 -DATA STRUKTURE

Baie beter behandel as verlede jaar. Baie van die leerlinge ken die konsep van 'n tau (queue), maar kon dit nie implementeer nie. Vraag 7.3.2 was baie swak behandel. Leerlinge kon ook nie beskryf hoe 'n tau in 'n rekenaaromgewing gebruik is nie.

Vraag 8 -PROGRAMONTWIKKELING en -TOETSING

Baie van die leerlinge het nie die verskil tussen sintaksfoute, looptydfoute en logiese foute verstaan nie en het hulle antwoorde verkeerd geïllustreer.